KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN 'N ALGEMENE VERGADERING VAN DIE RAAD WAT GEHOU IS OP DINSDAG, 18 DESEMBER 2009, OM 09H00 TE WILLISTON RAADSAAL.

N O T U L E

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die Voorsitter heet almal teenwoordig welkom en stel Ds.J. Abrahams aan die woord. Ds.Abrahams lees vir ons voor uit Fil 3: 13 – 14 en praat oor hoe die verlede moet begrawe word en ons moet vorentoe kyk. Die Voorsitter bedank Ds.Abrahams en gaan voort met die sakelys.

2. KONSTITUERING

Die vergadering word as behoorlik gekonstitueerd verklaar.

3. PRESENSIE

Raadslid JJ van der Colff
Raadslid MM van Wyk
Raadslid SJC Theron
Raadslid JJJ Storm
Raadslid CD Malan
Raadslid JJ De Wee
Raadslid JK Malho

Mnr FJ Lotter
Mnr CV Peterson
Mnr SJ van Schalkwyk
Mnr L Nothnagel
Me C Louw

4. MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER

Die Voorsitter dra sy bemoedigende boodskap oor aan die Raad oor Kersfees en sy mededelings word aan Raad voorgehou en uitgedeel.

Die Williston Winter Fees Komitee doen n voorlegging rakende hul beplande fees in Julie 2010. Heather Sterling en Pieter Naude doen die voorlegging en vra dat die Toerisme weer van die grond af gebring word sodat fondse van die Departement van Toerisme verkry kan word.

Die Raad:

BESLUIT DAT:

- die Raadslede van Wyk 1 sal skakel met die Winter Fees Komitee vir terugvoer en vordering.

5. GOEDKEURING VAN NOTULE

BESLUIT DAT:

- Die notule van Algemene Raadsvergadering gehou op 6 Oktober 2009 goedgekeur is met inbegrip van die hersiening van die spelfout onder item 8.1 en verandering onder item 12 van verslae na teenwoordigheidslys.

6. KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER

6.1 VERSLAG VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER

Die Raad:

BESLUIT DAT:

- die verslag van Mnr L Nothangel aanvaar word.
- 'n Brief aan die MEC gerig moet word waar hy/sy hom/haar distansieer van gerugte dat KHM swak verslae ontvang het;
- daar 'n nuusbrief moet uitgaan wat die bogenoemde gerugte weerspreek;
- 'n Geregistreerde brief gedoen moet word aan Plaaslike Regering om die stand van sake met betrekking tot Munifin en Mnr Holland uit te vind en verslag aanvra;
- 'n Skrywe gedoen moet word om uit te vind wanneer Bongi hul gaan terugbetaal;
- hul posvakkies sal inwerking stel.
- daar 'n werksessie moet gehou word ivm die hantering van pos

Die Munisipale Bestuurder haal aan uit 'n verslag wat ontvang is van die MEC oor die stand van Plaaslike Regering in munisipaliteite (07/08):

"Karoo Hoogland Municipality improved significantly"

6.2 VERKLARING VAN BELANGE DEUR RAADSLEDE

BESLUIT DAT:

- Die Munisipale Bestuurder die vorm so gou moontlik moet opstel.

6.3 MUNISIPALE AFBAKENINGSRAAD : VOORGESTELDE WYKSAFBAKENING 2011

Voortspruitend uit die Raadsvergadering van 6 Oktober 2009 is die aangeleentheid na die Veelparty Skakelkomitee verwys. Tydens 'n vergadering van genoemde komitee op 9 November 2009 te Sutherland is daar eenparig besluit dat :

- die grense van Wyke 1,2 en 4 onveranderd gelaat moet word vir die 2011 Algemene Munisipale Verkiesings;
- die grense van Wyk 3 grootendeels onveranderd gelaat word, behalwe vir die toevoeging van die stemdistrik Haasfontein.

Die Raad:

BESLUIT DAT:

- die bogenoemde voorstelle van die Veelparty Skakelkomitee aanvaar en goedgekeur word. Hierdie voorstelle is ook so deur die breër gemeenskap aanvaar tydens openbare vergaderings.

8. KANTOOR VAN DIE BURGEMEESTER

PORTEFEULJES VAN DIE RAAD

BESLUIT DAT:

- Die Burgemeester 2010 se nuwe portefeuljes op die eerste vergadering in 2010 van die Raad deurgegee sal word.
- Departement Korporatiewe Dienste die Raadslede sal assisteer

'n Verslag van Raadslid SJC Theron word uitgegee vir kennisname en uit die bespreking dui dit dat KHM verantwoordelik is om te kyk dat die Sportkoordineerders (aangestel deur die Departement) in al die dorpe hul verpligtinge nakom.

Intussen word 'n verslag van Raadslid SJC Theron hierby aangeheg vir kennisname asook 'n skrywe van Fraserburg se Hospitaal komitee.

'n Skrywe van Fraserburg se Hospitaal komitee word voorgehou ivm verteenwoordigers van KHM wat op die komitee moet dien en die Raad:

BESLUIT DAT:

- Raadslid JJJ Storm en Raadslid SJC Theron KHM op hierdie komitee sal verteenwoordig.

9. DEPARTEMENT KORPORATIEWE DIENSTE

9.1 VERSLAG: DEPARTEMENTSHOOF

BESLUIT DAT:

- die verslae van Mnr CV Peterson aanvaar word.
- die Munisipale Bestuurder werksessies sal gee ivm wykskomitees
- wyksvoorsitters verantwoordelik is vir notulering en sekretariële dienste
- CDW nie sekretariaat van wykskomitees mag wees nie.
- die GOP steering committee se funksies weer duidelik aan hul deurgegee word.
- 'n skrywe aan die Projek Bestuurder van die SKA op Carnarvon gedoen moet word ivm ons besware en ivm die kommunikasie kanale.
- die Raad die kostes eis van Me PC Britz.

  Raadslid JJ van der Colff se ontsteltenis oor die personeel wat nie stiptelik soggens 08H00 op kantoor is nie, word genotuleer. Hy vra of hul nie tien voor agt soggens kan oopmaak nie, waarop Mnr CV Peterson dit op hom neem om die saak aan te spreek.

9.2 VERSLAG: GOP BEAMPTE

BESLUIT DAT:

- die verslag van Mnr A Gibbons aanvaar word. (Die Raad word ingelig dat hul hiervoor begroot het.)

9.3 VERSLAG: PEO (PLAASLIKE EKONOMIESE ONTWIKKELING(LED)) BEAMPTE

BESLUIT DAT:

- die verslae van Mnr V Opperman aanvaar word en dat die Raad nie kan "uitbrei aan die Logan Toneelfees" nie, omdat hul slegs 'n borg is.

9.4 VERSLAG: SOSIALE ONTWIKKELINGSBEAMPTE

BESLUIT DAT:

- die verslae van Me HS Marais aanvaar word.
- die Raad meer betrokke en deel wil wees.

9.5 VERSLAG: HOOF BIBLIOTEKARESSE

BESLUIT DAT:

- die verslae van Me A Sieberhagen aanvaar word.

9.7 PLAASLIKE ARBEIDSFORUM (LLF)

Die LLF vergadering wat op 9 Desember 2009 gehou sou word, is uitgestel.

BESLUIT DAT:

- werkers nie elke jaar nuwe oorpakke sal ontvang nie.
- die werkers die huidige t-hempde sal dra totdat daar na die aanvullende begroting gekyk is.
- dat daar duidelikheid rondom die samestelling van hierdie komitee gekry moet word en deurgegee moet word aan die lede deur mnr CV Peterson.

9.8 WYKSKOMITEE AANGELEENTHEDE

Geen

10. DEPARTEMENT FINANSIëLE DIENSTE

10.1 VERSLAG: DEPARTEMENTSHOOF

BESLUIT DAT:

- Mnr SJ van Schalkwyk se verslag goedgekeur word.

Die EOT gelde is nog nie ontvang nie en die Munisipale Bestuurder dui aan dat KHM wel 'n skrywe ontvang het wat noem dat hul verslagdoening vir die afgelope jaar gedoen is. Die Munisipale Bestuurder wys egter uit dat die vorige boekjare se raporterings nie gedoen is nie, (05/06, 06/07) maar dat hy, Dr MK Botha, Mnr SJ van

Schalkwyk en die Burgemeester op 19 Januarie 2010 ‘n afspraak met Nasionale Tesourie het om bewyse te verskaf om KHM se situasie te verduidelik.

10.2 VERSLAG: KREDIETBEHEER

BESLUIT DAT:

- Kredietbeheerkantoor se verslag goedgekeur word.
- die oorneem van mnr ATP Viviers se erf as gedeeltelike (R130 000)vereffening van sy skuld aan KHM gekondoneer word.
- die ouditgelde onnodig hoog is en dat hul aandag moet gee daaraan en ‘n skrywe aan die OG moet doen.

  Raadslid JJ van der Colff vra dat ‘n Begrotings Rekonsiliasie by elke vergadering ingebind moet word.

10.3 AANBEVELINGS VAN FINANSKOMITEE

Geen

10.4 AANSOEK OM BORGSKAPPE

a. ***Gekombineerde Skool Williston***

BESLUIT DAT:

- die Burgemeester ‘n skrywe aan die Drop In Centre sal rig om hul te vra om die Gekombineerde Skool Williston met hul finansieële probleem soos aangespreek in hul skrywe te help.
- ‘n Skrywe aan die Departement gerig moet word om skole finansiële bystand te gee om so dienslewering te verbeter.

b. ***VLV Williston***

BESLUIT DAT:

- Die VLV tak van Williston R1000 borgskap kan ontvang.

  Die teenkanting van Raadslid JK Malho word genotuleer.

10.5 MIG PROJEKTE

a) Opgradering van Oksidasiedamme : Williston

BESLUIT DAT:

- die bogenoemde projek se begroting aangevul word van R4, 2 miljoen na R6, 891 3 miljoen

b) Opgradering van Oksidasiedamme: Sutherland

BESLUIT DAT:

- die bogenoemde projek se begroting aangevul na R6 790 848,00.

c) Opgradering van Waterretikulasienetwerk: Sutherland

BESLUIT DAT:

- bogenoemde projek as ‘n MIG projek geregistreer word met ‘n geskatte waarde van R6,5 miljoen

11. DEPARTEMENT INFRASTRUKTUURDIENSTE

11.1 VERSLAG: DEPARTEMENTSHOOF

BESLUIT DAT:

- Mnr FJ Lotter se verslag goedgekeur word met inbegrip van die foute op die aangehegte besigheidsplanne.

  Raadslid SJC Theron bedank Mnr FJ Lotter met die EPWP projekte en spreek sy tevredenheid hieroor uit. Raadslid JJ van der Colff vra dat die ernstigheid van die verantwoordelikheid van die onderhoud van die voertuie weer beklemtoon moet word onder die werkers.

11.2 VERSLAG: OMGEWINGSGESONDHEIDSPRAKTISYN

BESLUIT DAT:

- die verslag goedgekeur en aanvaar word.

DEPARTEMENT GESONDHEID: NUWE HOSPITAAL, WILLISTON

Die Munisipale bestuurder dui aan die Raad die oop area wat geidentifiseer is vir die oprig van ‘n nuwe hospital aan. Raadslid JJ van der Colff vra dat voorkomende maatreëls getref moet word ten opsigte van die vloedlyn.

12. NAMAKWA DISTRIKSRAAD VERTEENWOORDIGING

BESLUIT DAT:

- die Namakwa Distriksraad verteenwoordigers amp vakant verklaar word en deur iemand anders as die Burgemeester gevul sal word;
- daar tydens die eerste Algemene Raadsvergadering in 2010 ‘n nuwe Namakwa Distriksraad verteenwoordiger gekies sal word.

Die Munisipale Bestuurder noem aan Raad dat hul vakature moet verklaar van ‘n Namakwa Distriksraad Verteenwoordiger en dat daar geen wetlike voorskrif is behalwe dat die Plaaslike Raad die verteenwoordiger moet aanwys op NDM se termyn (Artikel 26) en dat die pos slegs vakant raak wanneer huidige verteenwoordiger bedank of die persoon iemand anders aanwys of die Raad besluit om die verteenwoordiger te verander.

Raadslid JK Malho vra dat ‘n Spesiale Raadsvergadering op 12 Januarie 2010 gehou word en die voorstel word deur Raadslid JJJ Storm gesekondeer. Weens die feit dat van die amptenare nog op hierdie datum met vakansie is, word die vergadering geskuif na ‘n latere datum in Januarie 2010.

13. NOODRAMPBESTUUR

Die Raad neem kennis dat bykans al die werknemers van Karoo Hoogland Munisipaliteit gedurende November 2009 opleiding ontvang het in basiese brand bestrydingstegnieke.

14. DRINGENDE SAKE

14.1 MEENTGRONDBELEID

BESLUIT DAT:

- Die Meentgrondbeleid aanvaar word met in begrip van nog ‘n paar Klein veranderings;
- die Meentgrondbeleid gedruk moet word en aan SPP (Calvinia) gestuur moet word.

15. IN-KOMITEE

notule goedkeuring: 6 oktober 2009

16. AFSLUITING

Die vergadering verdaag om 15:25.

_____

Burgemeester (Raadslid JJ de Wee)

_____

Datum goedgekeur